

Belegging moet twee teikens tref

Beleggers wat aftrede nader of reeds afgetree het, het 'n groot beleggingsuitdaging: om tegelykertyd vir 'n onmiddellike inkomste én langtermyn groei te belê.

“Dié beleggers het 'n gereelde inkomste uit hul aftreeportefeulje nodig om daaglikse uitgawes te dek, maar hul kapitaal moet ook bly groei om met inflasie tred te hou,” sê mnr. Pieter Koekemoer, hoof vir persoonlike beleggings van Coronation-fondsbestuurders.

Volgens Koekemoer is een van die grootste risiko's vir beleggers die versuim om voorsiening te maak vir 'n gerieflike lewenspeil ná aftrede, hoe lank dit ook al sou duur. Beleggers wat die “sekeriteit” van 'n produk met min wisselvalligheid en risiko vir hul aftrekapitaal wil hê, ignoreer ook dikwels dié risiko, sê hy.

“Ter wille van rustig slaap, skuif beleggers laer teen die risikospektrum af.”

Koekemoer sê die vernaamste rede waarom beleggers risiko vermy, is weens voorspellings wat op teruggetoetste gegewens van historiese opbrengste en korrelasies gegrond is. Hy sê 'n mens kan nie staatmaak op die volhoubaarheid van historiese opbrengste nie.

Die afgelope tien jaar was baie gunstig vir beleggers in plaaslike bates, en baie afgetredenes wat verwag dat dié omstandighede sal voortduur, is dalk nie daarop voorbereid om 'n taai beleggingsomgewing die hoof te bied nie, sê hy.

Coronation verwag kleiner langtermynopbrengste vir alle plaaslike bateklasse, en Koekemoer meen pensioenarisse wat jaarliks 'n groot inkomste uit hul aftreeportefeuljes trek en/of wat onvoldoende blootstelling aan groeibates het, kan later erg kwesbaar wees.

Dit is gevaarlik om aan die begin van jou aftrede 'n te groot inkomste te trek.

Noodsaak van groeibates

Koekemoer gee 'n uiteensetting van die invloed van inflasie oor 'n tydperk van tien jaar op twee portefeuljes met verskillende risikoprofiel – die een bevat net konserwatiewe inkomste-bates, waarvoor die gemiddelde geldmarkfonds gebruik is, en die ander bevat bates met 'nmatige risiko-inkomste en -groei, waarvoor die Coronation Capital Plus-fonds gebruik is, met 'n gelyke verdeling tussen inkomste- en groeibates oor tyd.

“Die eerste ding wat ons opgemerk het, was hoe gou inflasie koopkrag wegkalwe. 'n Belegger wat in 2001 met 'n jaarlikse inkomste van R70 000 oor die weg gekom het, het nou R130 103 nodig. Die tweede portefeulje, met sowat 50% in groeibates, was veel doeltreffender met inkomsteskepping oor die tienjaartydperk, ongeag die aanvanklike inkomste-onttrekkingskoers (tussen 3% en 7%) wat die belegger gekies het.”

Koekemoer maan dat dit ewe gevaarlik is om aan die begin van jou aftrede 'n te groot inkomste te trek en/of om 'n te groot opbrengskoers te verwag as wat dit is om te konserwatief te belê. “Gedagtig aan ons verwagting van kleiner opbrengste, reken ons 'n aanvanklike

inkomste-onttrekkingskoers van meer as 6% sal vir die meeste afgetredenes nie volhoubaar wees nie en dan ook net uit 'n portefeulje met voldoende blootstelling aan groeibates.”

Bestendigheid

Hoewel Koekemoer sterk aanbeveel dat groeibates by aftreeportefeuljes ingesluit word, waarsku hy dat 'n afgetredene nie die grootste voordeel sal kry deur net in aandele en eiendom te belê nie. “Dis omdat opbrengste op groeibates van jaar tot jaar kan wissel.”

Die Suid-Afrikaanse aandele-mark het byvoorbeeld oor die afgelope dekade 'n gemiddelde opbrengs van 16,7%, met 'n standaardafwyking van 20% gelewer.

Volgens Koekemoer dui navorsing daarop dat die volhoubaarheid van 'n aftree-inkomsteplan die beste geoptimaliseer word met 'n standaardafwyking van 10% of minder. “Die rede waarom die wisselvalligheid van opbrengste gelykmatig gehou moet word, is omdat die volgorde van opbrengs saak maak,” verduidelik hy.

As die waarde van jou belegging afneem pas nadat jy 'n inkomste uit jou portefeulje begin trek het, sal die uitgekeerde inkomste 'n groter deel van jou kapitaal verteenwoordig as wanneer jy oor dieselfde tydperk groei sou ondervind het. “Dit beteken 'n mens sal in komende jare 'n groter deel van die oorblywende kapitaal moet trek om dieselfde vlak van inkomste te handhaaf.

“Dit is belangrike oorwegings wat beleggers met 'n behoefte aan inkomste én groei in ag moet neem ten einde oordeelkundige aftreebeplanning te doen,” sê Koekemoer.